**(For release: 17 December 2007)**

# EGOLI & VRIENDE

## *Vermaak deur 10 Egoli Sterre en hul Vriende*

Die EGOLI & Vriende Vertoning keer terug na Mosselbaai vir die 2de keer! Die vertoning vind plaas op Vrydag 21 Desember om 19h30, aangebied in die Huisgenoot Tent deur Garden Route Casino en Swartland Wynkelder.

Egoli & Garden Route Casino het oor die afgelope 5 jaar sterk bande gebou met verskeie Egoli Promosies en opnames wat in Mosselbaai plaasgevind het.

Burgert Muller, mede-vervaardiger van Egoli sê dit is heerlik om in die Mosselbaai omgewing te wees oor Desember, aangesien dit 'n gulde geleentheid is om kontak te maak met ons kykers. "Dit is te danke aan die lojale ondersteuners en borge soos Garden Route Casino dat dit vir ons moontlik is om jaar-na-jaar terug te keer."

Quote from Rob (Garden Route Casino) – ons sal hierdie nog stuur wanneer dit gereed is

Die publiek kan uitsien na 'n aand vol vermaak, kompetisies en verrassende optredes deur Egoli Sterre en hul vriende. Ontmoet 10 Egoli Sterre: Tamarin du Toit (Cat), Marcus Muller (Liam), Izak Davel (Scab), Mandi du Plooy (Lara), Michelle Beling (Candy), Michelle Pienaar (Audrey), Hannes van Wyk (Krynauw), Darryl Desmarais (Stephen), Hennie Smit (Bertie) and Shaleen Surtie-Richards (Nenna).

Die spesiale gaste wat tydens die vertoning optree is die M-Net Idols wenner (wat op 9 Desember aangekondig word), Arno Jordaan, Sarah Theron, Fredi Nest, Amor Vittone en die Klipwerf Orkes.

Toegang na die Egoli & Vriende is gratis, so maak seker jy is vroeg daar om die beste sitplek te kry. Daar is ook R10 000 kontant wat gewen kan word! Geborg deur die Gardenroute Casino.

Hekke open om 17h00 met 'n Voetsel en Wynfees. Uitstekende vermaak vir die hele gesin!. Sien jou daar!